# *Nuwe Lied Bediening*

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

## **Parashah 38:** *Korach* – Korag

Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam. Num. 16:1-2 – PWL[1]

**Torah:** Num. 16:1 tot 18:32.

**Haftorah:** 1 Sam. 11:14 tot 12:22.

**Nuwe verbond:** Rom. 13:1-7; Heb. 13:17; Judas 1 tot 25; Joh. 15:1-7;1Kor. 9:7-14; Gal. 6:6; 1Tim. 5:17 -18; Matt. 23:2; Matt. 5:1; Luk. 4:20-22.

**H**ierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 38 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

*Life is much like a book. The fool leaves through it casually; but the wise man reads it with thoughtful care, knowing that he can read it only once.* – Jean Paul.

*Do you love life? Then do not squander time, for that is the stuff life is made of* – Benjamin Franklin.

*Some of the best lessons we ever learn are learned from past mistakes. The error of the past is the wisdom and success of the future.* – Dale Turner.

*We are made wise not by the recollection of our past, but by the responsibility for our future.* – George Bernard Shaw.

*Whenever you see confusion, you can be sure that something is wrong. Disorder in the world implies that something is out of place. Usually, at the heart of all disorder you will find man in rebellion against God. It began in the Garden of Eden and continues to this day.* – A.W. Tozer.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*A rebellion against God, even as believers, is fuelled by the toxic fumes of unbelief.* – James MacDonald.

## Torahbespreking

## Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing was Yisra'el gereed om Kena'an binne te gaan, maar twaalf verkenners was eers gestuur om die land te gaan verken. Tien van die twaalf het egter 'n negatiewe verslag gelewer wat 'n rebellie teen Mosheh en Aharon tot gevolg gehad het! Slegs Y'hoshua en Kalev het die vertroue in יהוה, asook die getrouheid aan יהוה gehad om volgens die belofte aan Avraham, en volgens die opdrag van God, die beloofde land Kena'an in besit te neem. Daarom het hulle vir die volk gesê:

> Moet net nie teen יהוה rebelleer nie en moenie bang wees vir die mense van die land nie, want hulle sal ons prooi wees. Hulle beskerming is van hulle verwyder en יהוה is met ons. Moenie vir hulle bang wees nie! Num. 14:9.

Hierdie murmurering en rebellie van Yisra'el was 'n gebrek aan vertroue in יהוה se belofte aan Avraham en 'n gebrek aan getrouheid (gehoorsaamheid) aan יהוה. God se Karakter en Outoriteit is belaster!

Dit het baie ernstige gevolge vir Yisra'el gehad, naamlik dat almal van 20 jaar en ouer in die wildernis sou sterwe en nie Kena'an in besit sou neem nie, behalwe Y'hoshua en Kalev! Die gevolg was 'n verdere 38 jaar swerftog in die wildernis! 'n Hele geslag het in die wildernis gesterf! Hierdie behoort as waarskuwing vir ons te dien, want ons sal ook net יהוה se Koninkryk in besit neem deur vertroue in יהוה se onverdiende guns in Yeshua en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond uiteengesit word!!

In die vorige twee Torahskriflesings het ons reeds met rebellie te doen gekry en telkens geleer van die gevolge daarvan. In hierdie week se Skriflesing kry ons weereens met rebellie te doen, naamlik die rebellie van Korag en sy bende! Die keer is dit rebellie teen יהוה se aangestelde gesagstruktuur en dit is, soos in die geval van Miryam se rebellie teen Mosheh, rebellie teen יהוה-God self.

## Die Rebellie Van Korag En Sy Bende

Eerstens moet ons vra wat is die wêreld se definisie van rebellie? Die volgende twee verklarende woordeboeke maak dit duidelik:

*Open or determined defiance of, or resistance to, any authority or controlling power* (The Oxford Universal Dictionary).

*The act of rebelling; open and avowed renunciation of the authority of the government to which one owes obedience, and resistance to its officers and laws, either by levying war, or by aiding others to do so; an organized uprising of subjects for the purpose of coercing or overthrowing their lawful ruler or government by force; revolt; insurrection.* (Webster's Revised Unabridged Dictionary)

Kortweg gestel beteken rebellie om die gesag waaronder jy staan te ondermyn deur openlike aksies van geweld of oproer of verset. Rebellie vind dus plaas wanneer 'n individu of groep

mense in verset kom teen aangestelde gesag en dit kan geskied deur betogings of burgerlike ongehoorsaamheid en gewapende verset wat kan lei tot ‘n revolusie.

Tweedens moet ons vra wat is יהוה se definisie van rebellie? Volgens die Skrifte, en soos reeds in die vorige twee Torahskriflesings bespreek was, is murmurering (ontevredenheid) en ongehoorsaamheid aan יהוה se aangestelde gesag, asook teen Sy Torah, rebellie wat die toorn van God ontketen het!

Ons moet dus deeglik besef dat ongehoorsaamheid aan יהוה se Torah, en ontevredenheid met Sy aangestelde gesagstruktuur, is rebellie!! Dit is die les wat Sha’ul ondermeer ook geleer het.

Nadat Sha’ul as koning gesalf is, het hy in opdrag van יהוה gegaan om die Amalekiete te verslaan. יהוה het duidelik aan Sha’ul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Hy mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat hy alles met die banvloek moet tref (1Sam. 15:1-3). Na die oorwinning het Sha’ul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1Sam. 15:4-9).

יהוה het toe deur die mond van Sh’mu’el vir Sha’ul gekonfronteer met die woorde: “Waarom het jy nie die stem van יהוה gehoorsaam nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat boos is in die oë van יהוה?” (1Sam. 15:19). Sha’ul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die buit van kleinvee en beeste as offer aan יהוה op Gilgal te bring (1Sam. 15:21). Hierop het Sh’mu’el vir Sha’ul geantwoord:

> **22** Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,
>
> **23** want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. 1Sam. 15:22 en 23.

Sha’ul het teen יהוה se gesag (Karakter en Outoriteit) gerebelleer deur nie dit te doen nie wat God hom beveel het! Hierdie dien ook as ‘n les dat goeie bedoelings nie ‘n plaasvervanger vir gehoorsaamheid is nie. Ongehoorsaamheid aan יהוה is rebellie en bring oordeel.

Inteendeel, weens Sha’ul se rebellie was hy sy koningskap kwyt. יהוה, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is rebellie wat as sonde gelykstaande aan waarsêery en afgodery beskou word.

Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat יהוה gehoorsaamheid aan Sy Torah en onderdanigheid aan Sy aangestelde gesag vereis, want anders rebelleer ons teen die Almagtige! יהוה is nie tevrede met ons goeie bedoelings nie!

In die artikel: ‘Goeie Bedoelings – Is Dit Goed Genoeg’ word voorbeelde uit die Skrif van goeie bedoelings in plaas van gehoorsaamheid, asook die gevolge daarvan, bespreek. Hierdie artikel kan afgelaai word by die volgende skakel: Goeie Bedoelings

**Korag en sy bende.**

Korag, Datan, Aviram, On, tesame met 250 man het opgestaan teen Mosheh en Aharon en vir hulle gesê:

> "Julle het ver genoeg gegaan, want die hele vergadering is afgesonderd, elke een van hulle en יהוה is tussen hulle! Waarom verhoog julle julself bo die vergadering van יהוה?" (Num. 16:3).

Mosheh se gesag en sy roeping (aanstelling) deur יהוה was deur Korag en sy bende bevraagteken. Om teen Mosheh te rebelleer (op te staan) is om teen Torah te rebelleer en is dus rebellie teen יהוה self. Onthou יהוה se Torah, die wet, word ook Mosheh genoem (Hand. 15:21), asook die wet van Mosheh (Luk. 2:22; Luk. 24:44).

Hierdie rebellie teen Mosheh was weens 'n gevoel van verontregting deur Korag en sy bende. Dit was die wortel van bitterheid wat versprei het en baie onrus onder die volk verwek het. Dit is juis teen dit wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs waarsku:

> Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat 'n wortel van bitterheid ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie. Heb. 12:15.

Korag was 'n Leviet en die neef van Aharon en was 'oorgesien' toe die priestserorde saamgestel was en was slegs aangewys as hulpverlenend tot die priesters en tabernakelwerk. Hy was ook die eersgeborene (Ex. 6:20), maar toe die dienswerk aangaande die offerandes ingestel was, het die seuns van Aharon die eersgeborenes van Yisra'el by dienswerk van die offerandes vervang.

Datan, Aviram en On was uit die stam van Ruben – die eersgeborene van Ya'akov. Hulle het verontreg gevoel omrede Ruben sy eersgeboorte reg ten koste van die seuns van Yosef prys moes gee (1Kron. 5:1).

Die 250 man (owerstes) uit die kinders van Yisra'el was simpatiseerders en het hulself dus ook as verontregtes beskou.

Korag was die rebelleleier en daarom word daar verwys na Korag en sy bende. Die Naam Korag beteken "sonder natuurlike hoofbedekking" of "kaalkoppigheid". Hierdie is 'n sinnebeeld van ons natuurlike bedekking (die beskerming wat ons het) wat weggeneem word wanneer ons teen יהוה rebelleer of teen diegene wat יהוה aangestel het.

In hierdie Skrifgedeelte sien ons ook die 'formule' ('wenresep') vir rebellie. Eerstens sal die ontevredenes (sogenaamde verontregdes) hulle van die res van die vergadering (gemeente) skei, gevolg deur opstandigheid teen die leierskap, dan is daar die 'werwing' van ander met soortgelyke siening en laastens die beskuldiging van die leierskap en pogings om die leierskap omvêr te werp.

Die les om uit Korag se rebellie teen יהוה te leer is dat 'die formule' vir rebellie die volgende elemente, volgorde en gevolge bevat:

Gegriefdheid (gebelgdheid) → bitterheid → skeiding → werwing van simpatiseerders → opstandigheid → beskuldiging en rebellie teen יהוה se gesag → omverwerping van יהוה se gesag → יהוה se oordeel → dood.

Die gees van Korag heers in die wêreld, maar is ook aanwesig in die liggaam van Yeshua – Sy gemeente. Rebellie is die magspel wat dikwels deur ongelowiges (die wêreld) gespeel word, maar ongelukkig ook dikwels deur gelowiges in Yeshua. Dit is die gees wat meer mag (gesag), erkenning en groter beheer oor mense begeer.

Onthou: die mens is nie geskape om oor ander mense te heers nie, maar wel om te heers oor die res van יהוה se Skepping (Gen. 1:28).

Die gees van Korag is egter onderliggend in ons elkeen weens ons sonde-geneigdheid. Wat die vlees bedink is vyandskap (rebellie) teen God, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie (Rom. 8:7). Daarom is rebellie teen יהוה dit wat die vlees bedink – dit is die begeertes van die vlees en van selfisme. Dit is nie hoe die Afgesonderde Gees die gelowige sal lei nie. Sha'ul verduidelik dit soos volg:

> **5** Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer,
>
> **6** want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid
>
> **7** omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie.
> **8** Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie,
> **9** maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van Die Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie.
> **10** As Die Gesalfde Een in julle is, dan is die liggaam dood vir die doel van sonde, maar die Gees is lewend vir die doel van die onpartydige opregtheid
> **11** en as die Gees van Hom wat ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood uit laat opstaan het, in julle bly, dan sal Hy wat Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood laat opstaan het, ook aan julle dooie liggame lewe gee deur Sy Gees wat in julle bly. Rom. 8:5-11.

Sha'ul verwys ook hierna in Rom. 7:14-23, naamlik dat ons weet wat die goeie is om te doen, maar so dikwels doen ons dan die teenoorgestelde. Ons vlees is geneig tot rebellie teen יהוה se wil vir ons. Ons vlees rebelleer teen Torah en is voortdurend op soek na redes om nie aan die Torah van die nuwe verbond gehoorsaam te wees nie. MAAR in Yeshua is daar oorwinning oor hierdie rebellie teen יהוה se onderrig en instruksies soos Sha'ul dit in Rom. 7:24-25 verduidelik:

> **24** Ek is 'n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood?
>
> **25** Ek dank God: dit is deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een! Ek is daarom nou met my gewete 'n slaaf van God se wet, maar in my vlees 'n slaaf van die wet van die sonde.

Vooruitstrewendheid (ambisie) opsigself is nie verkeerd nie, maar wanneer dit eersugtig (roemsugtig, heerssugtig, hebsugtig) gefokus is, word eie belange ten koste van ander se belange nagejaag. Korag se rebellie was uit selfsugtigheid aangevuur deur 'n gevoel van verontregting. Hy, Datan, Aviram en On, asook 250 owerstes van die vergadering het hulself as verontregtes beskou.

Opsommend: Die rebellie van Korag en sy bende herinner ons daaraan, en dien ook as waarskuwing, dat hoogmoed, ambisie en 'n gevoel van verontregting maklik kan ontaard in kwaadspraak en rebellie teen יהוה ons God en Vader. Ons Vader duld nie rebellie in sy huishouding nie! Dit kan soos 'n wortel van bitterheid (Heb. 12:15) versprei en baie onrus verwek – baie kan daardeur besoedel word. Die gevolg kan wees dat ons sonder die onverdiende guns van יהוה in Yeshua gevind sal word! Ons naam sal dan ook "Korag" wees, naamlik "sonder natuurlike hoofbedekking" of "kaalkoppigheid".

Dit herinner ons aan Sha'ul se woorde in Rom. 12:3 en 16:

> **3** Deur die onverdiende guns wat aan my gegee is, sê ek vir julle almal dat julle nie van julself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie, maar dat julle aan julself dink in nederigheid volgens die maat van vertroue wat God aan elkeen uitgedeel het,
>
> **16** wat jy ook al van jouself dink, dink net so van jou broers; moenie jouself hoog ag nie, maar assosieer met die nederiges; moenie wys wees in jou eie opinie nie;

En dan sê Sha'ul ook in 1Kor. 7:20 dat ons elkeen in die roeping moet bly waarin ons geroep is.

**Bepeins of Bespreek**

1. Is die verwerping van יהוה se Torah, naamlik die verklaring van vry van die wet, rebellie teen יהוה? Lees Jer. 11:1-5, 11 en 14, asook Spr. 28:9.

2. Die Levitiese priesterorde het saam met Yisra'el van ouds in die wildernis getrek en het gefunksioneer tot en met Yeshua se folterdood en opstanding! Toe het daar 'n verandering in die Torah van Mosheh plaasgevind (Heb. 7:12-17). Die Levitiese priesterorde is vervang met die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek met Yeshua as die ewige Hoofpriester. Dus is יהוה se gesagstruktuur van die nuwe verbond Yeshua as Koning, Profeet en Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek. Elkeen wat nie hierdie gesagstruktuur erken nie, en nie as priester volgens die orde van Malki-Tzedek dien in die roeping waarin geroep is nie (1Pet. 2:9-10; 1Kor. 7:20), rebelleer teen God. Wat van gelowiges, veral in die Messiaanse Beweging, wat verblind is deur Rabbynse Judaïsme en vashou aan die Levitiese priesterorde – dit ten spyte van wat die Skrifte van die nuwe verbond ons leer?

3. Daar kan slegs een priesterorde funksioneer! Elkeen moet dus kies aan watter priesterorde hy of sy onderdanig sal wees.

**Maak Dat Julle Wegkom...!**

יהוה het aan Mosheh en Aharon gesê om hulle af te sonder van Korag en sy bende (Num. 16:20-21). In vers 26 beveel Mosheh vir die volk om selfs nie aan iets te raak wat aan hulle behoort nie,

> Hy het met die vergadering gepraat en gesê: "Gaan nou weg van die tente van hierdie bose oortreders en raak nie aan iets wat aan hulle behoort nie, anders sal julle in al hulle sondes weggesleep word."

Die volk het gehoor hieraan gegee en toe het die aarde sy mond oopgemaak en Korag, Datan en Aviram met hulle gesinne en al hulle besittings ingesluk (Num. 16:32). Maar ten spyte van hierdie gebeure het die volk egter steeds gemurmureer (Num. 16:41). Die kragdadige oordeel van Korag en sy bende het nie Yisra'el se hartsgesindheid verander nie. Mosheh en Aharon was beskuldig dat hulle die dood van die volk van יהוה veroorsaak het (vers 41). As gevolg hiervan het יהוה 'n plaag onder die volk gestuur (Num. 16:47).

Al hierdie gebeure dien as herinnering en waarskuwing dat ons ook geoordeel sal word indien ons met ongehoorsaamheid en rebellie 'flankeer'! Daarom is hierdie opdrag in Num. 16:20 en

24 steeds op ons vandag van toepassing, naamlik om ons af te sonder van diegene wat teen God rebelleer en waarvan Bavel ‘n sinnebeeld is:

> **4** Ek het ’n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plae ontvang nie,
>
> **5** want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4-5.

Daarom skryf Sha’ul in sy brief aan die Korinthiërs die volgende:

> **14** Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis?
>
> **15** Of watter ooreenstemming het dié Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige?
>
> **16** Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ’n volk wees.”
>
> **17** “As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang
>
> **18** en Ek sal vir julle ’n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê יהוה, wat almal vashou. 2Kor. 6:14-18.

Alleenlik wanneer ons ons afsonder van diegene wat teen God rebelleer, sal Hy ons Vader wees en ons Sy kinders!

**Bepeins of Bespreek**

1. Korag en sy bende wat saam met hulle gesinne uitgewis was, is bevestiging dat ouers tot ‘n groot mate die lot van hulle kinders bepaal. Verwys Hos. 4:6 en let op die laaste gedeelte van die vers! Lees ook Jes. 5:13 – ongehoorsaamheid aan Torah is ballingskap. Kan rebbelse ouers die ballingskap van hulle kinders veroorsaak?

2. Hoeveel keer beleef gelowiges יהוה se oordeel by wyse van siekte, finansiele probleme, gebroke verhoudinge, ensovoorts, maar weier om berou te toon en weier om gehoorsaam aan Torah te wees? Dit is makliker om iemand anders die skuld te gee (*blame shifting*) as om selfondersoek te doen!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*